SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 2 NOVEMBER 2003

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid-Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit spyt die Kaapstad Amateurradiosentrum om te moet aankondig dat Colin Duff, ZS1CA, op Dinsdagoggend 28 Oktober om 06:15 oorlede is.

Colin was 'n vorige President van die SA Radioliga asook 'n lewenslange erelid van die SARL sowel as die Kaapstadse klub.

Colin laat twee dogters, Dorothy en Helen, en 'n seun Stephen sowel as kleinkinders en agterkleinkinders na.

Die begrafnis het op Donderdag 30 Oktober vanuit die Christchurch in Constantia plaasgevind.

Sarlnuus spreek sy innige simpatie uit teenoor Colin se familie en vriende.

(POUSE).

In die nuus vandag:

IARU FONDS BYNA BY DOELWIT

NOMINASIES VIR RAADSLEDE EN MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING INGEWAG

NASIONALE RADIOAMATEUREKSAMENWERKSWINKEL

NOG SAATINUUS

SPESIALE STASIE ZS1SALT

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

Die nuus volg in besonderhede.

IARU FONDS BYNA BY DOELWIT

Die SA Amateurradio Ontwikkelingstrust om die SARL se lidmaatskap van die IARU te borg, is nou baie na aan sy doelwit. Die fonds het die afgelope week 'n aansienlike stoot gekry deur 'n R5000 donasie van Marpless en R500 van die Magalies Radioamateurklub. Die Trust het die fonds gelanseer met 'n R5000 donasie. Die fonds staan nou op 'n geskatte R12 500. Die werklike bedrag sal vasgestel word na ontvangs van die Oktober bankstaat. Dit word verwag dat die volle bedrag vir lidmaatskap gedurende die week daarna aan die IARU betaal sal word. Baie dankie aan almal wat tot datum bydraes gemaak het.

Klubs en indiwidue wat elektroniese oorplasings gemaak het, word versoek om die besonderhede wat op hul sertifikate moet verskyn te stuur aan saardt@intekom.co.za of aan Posbus 90438, Garsfontein, 0042.

Daar sal met die fondsinsamelingsveldtog voortgegaan word totdat voldoende fondse ingesamel is om volgende jaar se lidmaatskap ook te kan betaal. Indien u of u klub nognie 'n bydrae gemaak het nie; oorweeg dit asb. om hierdie belangrike saak te ondersteun. Indien u per tjek bydra, maak dit asb. uit aan SA Amateurontwikkelingstrust, en pos dit aan Posbus 90438, Garsfontein, 0042. Elektroniese oorplasings kan gemaak word na ABSA rekening 560 142 722, takkode 335 645. Bevestig asb. sulke oorplasings met 'n e-posboodskap aan saardt@intekom.co.za. Gedurende die komende week sal 'n lys van donateurs op die SARL se webwerf by www.sarl.org.za gepubliseer word.

NOMINASIES VIR RAADSLEDE EN MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING INGEWAG

Die volgende Algemene Jaarvergadering van die SARL sal op 3 April 2004 gehou word en ter voorbereiding van die gebeurtenis word nominasies en mosies ingewag.

1. NOMINASIES VIR RAADSLEDE

Daar is tans 4 vakatures op die Raad en ooreenkomstig Reël 16.2 word nominasies gevra van lede van die SARL om die vakatures te vul. Indien meer as 4 nominasies ontvang word, sal 'n stemming gehou word.

Elke nominasie moet die volgende insluit:

1. Volle name, roepsein en adres van die genomineerde.
2. 'n Amateurverwante CV van hoogstens 200 woorde.
3. 'n Ondertekende deklarasie van die genomineerde dat hy/sy die nominasie sal aanvaar en op die Raad van die SARL sal dien indien verkies.
4. Elke nominasie moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees.
5. Alleenlik volopbetaalde lede (Reël 16.3) van die SARL mag genomineer word, voorstel en sekondeer.

Die nominasies moet die Sekretaris nie later nie as 30 November 2003 bereik.

2. MOSIES VIR DIE ALGEMENE JAARVERGADERING

Mosies vir voorlegging aan en bespreking tydens die Algemene Jaarvergadering van die SARL word vanaf lede ingewag.

Elke mosie moet die volgende bevat:

1. 'n Duidelike beskrywing van die mosie.
2. 'n Motivering ter ondersteuning van die mosie.
3. Elke mosie moet deur 'n voorsteller en sekondant onderteken wees.

Die mosies moet die Sekretaris nie later as 16 Desember 2003 bereik nie. In beide gevalle moet die nominasies en mosies gepos of gefaks word aan:

Die Sekretaris SARL Posbus 1721 Strubensvallei 1735

Tel: 011 675 2393 Faks: 011 675 2793

NASIONALE RADIOAMATEUREKSAMENWERKSWINKEL

Dit is nou reeds die tyd om te begin beplan vir die volgende radioamateureksamen wat in Mei 2004 sal plaasvind. Lesings ter voorbereiding vir die eksamen behoort in Februarie 2004 'n aanvang te neem. Wat verhoed jou om nuwe lede na jou klub aan te lok? Is jy gretig om 'n kursus aan te bied ten einde studente vir die volgende eksamen voor te berei? Benodig jy advies oor hoe om jou RAE-kursus te adverteer? Hoe reik ons uit na jonger mense? Daar is 'n groot bron van ondervinding binne klubs beskikbaar en ons wil graag hierdie ondervinding met u deel.

Sluit asb. op Saterdag 15 November by ons aan vir 'n werkswinkel waartydens antwoorde op hierdie en baie ander vrae verskaf sal word. Die werkswinkel sal in die NARS in Johannesburg gehou word, en daar sal van telekonferensiekoppelings gebruik gemaak word ten einde soveel moontlik sentra oor die land heen te kan laat deelneem. Die SARL sal instaan vir die koste van die telekonferensiekoppeling tot by 'n sekere bedrag. Besonderhede is soos volg:

Datum: Saterdag 15 November 2003 Tyd: 09:00 vm - 12:00 middag Plek: NARS, Radiokop, Johannesburg en verskeie ander sentra regoor die land.

Onderwerpe wat bespreek sal word sluit in:

Hoe formeel behoort die kursus te wees? Beplanning van jou kursus; Die vind van 'n geskikte plek; Advertering van jou kursus; Beskikbare opleidingsmateriaal; Inhoud van die sillabus; Die vind en opleiding van lektore; Moontlike veranderings vir die toekoms; Die nader trek van jonger mense en hoe om met skole kontak te maak; Hoe om persone met sig-, hoor- en ander gestremdhede te help.

Indien u wil deelneem, kontak Peter Hers, ZS6PHD, asb. so gou moontlik per e-pos na zs6phd@mweb.co.za of per selfoon by 083 445 4634. Indien u binne redelike ryafstand van die NARS woon, moedig ons u aan om persoonlik by ons aan te sluit.

Ons het voorlopig voorsiening gemaak vir fondse om met tot 7 sentra oor die land te verbind. U word aangemoedig om met ander klubs in u omgewing in verbinding te tree en te reël om op een plek bymekaar te kom ten einde koste laag te hou. Donasies van klubs sal ook waardeer word. Om aan die telekonferensie te kan verbind, benodig u 'n gewone Telkom vastelyndiens en 'n luidsprekertelefoon ten einde u groep saam te kan laat laat luister. Let asb. daarop dat voorafbetaalde dienste en selfone nie aan die telekonferensiediens verbind kan word nie. Indien u wil verbind, benodig Peter 'n telefoonnommer waar hy u kan bereik sowel as 'n bystandskontaknommer soos 'n selfoonnommer.

NUUS VAN SAATI

SAATI wil graag belangstellende amateurs se aandag daarop vestig dat daar nog SAATI-boustelle vir verskillende projekte beskikbaar is. Die boustelle is van wisselende moeilikheidsgraad en in verskillende stadiums van ontwikkeling. Dit is dus belangrik om met Ams Amsega, ZS6YV, te skakel voordat u bestellings plaas. Ams se skakelbesonderhede sal aan die einde van hierdie berig gegee word.

Een van die nuwer boustelle is die YAM-modem, 'n pakketmodem wat al die verkillende datasnelhede vir pakket kan hanteer, vanaf 300 baud tot 9600 baud. Hierdie modem is in enkelhoeveelhede beskikbaar.

Die SAATI 9600 baud modem is ook bekikbaar. Dit is geskik vir 9600 baud en tegniese inligting sowel as boustelle is by Ams beskikbaar.

Die OE5DXL modem is tans vir SAATI 'n probleem en enige amateur wat hierdie modem aan die werk gekry het, of wat tegniese inligting hieroor beskikbaar het, word versoek om met Ams te skakel.

Die baie populêre 1200 baud FX164 modem se beskikbaarheid word tans beperk deur die skaarsheid van een van die mikrobane daarin. Om hierdie rede kan SAATI hierdie boustelle net verskaf in hoeveelhede van 10 of meer. Skakel met Ams indien u belangstel.

Amateurs wat afdrukke uit vorige uitgawes van SAATI-Nuus wil hê, kan ook dit met Ams onderhandel. Daar sal ongelukkig afdrukkoste hieraan verbonde wees.

Belangstellendes kan Ams Amsega, ZS6YV, in die hande kry op 012 664 3629 enige redelike tyd van die dag.

SPESIALE GELEENTHEIDSSTASIE ZS1SALT

'n Groep amateurs uit Afdeling 1, almal lede van die Boland Amateurradioklub, gaan gedurende die naweek van 21 tot 23 November 'n spesiale stasie oprig by die sterrewag te Sutherland in die Noord-Kaapprovinsie van Suid Afrika, om die oprigting van die grootste teleskoop in die Suidelike halfrond aan amateurs wêreldwyd bekend te stel.

Die stasie sal met die roepsein ZS1SALT (akroniem vir South African Large

Telescope) op die lug wees vanaf Vrydag 21 November tot Sondag 23 November. Alle HF-bande sal gebruik word en die stasie sal op foon, gelykgolf en digitale modusse aktief wees.

'n Spesiale QSL-kaart sal uitgereik word aan amateurs wat met die stasie kontak maak EN direk QSL aan ZS1SALT, Posbus 273, STRAND, 7140. Vir meer inligting oor SALT, besoek die webwerf: www.salt.ac.za asook die webwerf van Boland Amateurradioklub by www.qsl.net/zs1bak. Meer inligting sal later verstrek word.

JAARLIKSE HERDENKINGSDIENS

Reëlings is met die SAUK getref dat die jaarlikse Herdenkingsdiens vir radioamateurs wat in diens van Suid-Afrika gesterf het op Sondag 9 November 2003 om 10:45 oor die senders van RSG uitgesaai sal word. Ds Lendes de Villiers, ZS6LLV, leraaar van die NG Gemeente Rietfontein- Noord sal die diens lei. Ons versoek dat amateurs radiostilte tydens die uitsending handhaaf. Herleiding van die diens sal ook op 145,750 MHz plaasvind.

DATUMS OM TE ONTHOU

Die jaarlikse herdenkingsdiens op Sondagoggend 9 November om 19:45. Die RAE werkswinkel, Saterdag 15 November. Spesiale geleentheidstasie ZS1SALT, 21 tot 28 Novenber. Sluitingsdatum vir nominasies vir Raadslede, 30 November. Laaste dag vir indiening van mosies vir die SARL AJV, 16 Desember.

Die SARL nooi u ook om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur George, ZS6NE, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX

========== Message Ends ==========

To edit or remove your entry from this mailing list go to www.sarl.org.za/members/admin/maildat.asp